


# WOORD VAN *De Wet*

Hoof Uitvoerende Direkteur/ Chief Executive Director

**Almal wat my ken weet ek hou glad nie van die winter nie, maar die voortdurende siklus van seisoene herinner my aan Jesus se troue beloftes soos in Genesis 8:22: "Terwyl die aarde bly bestaan, sal saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie ophou nie."**

The month of May brings us a sense of warmth, gratitude and community spirit. As winter begins to blow out its cold breath, this time reminds us of the importance of care, humanity and appreciation, for young and old, for families and for those who dedicate their lives to caring for others.

Met die eerste koue dae van die seisoen trap Gesinsorg weer vas met hul geliefde Winterwarm Komberse-projek. Hierdie jaarlikse inisiatief bring HOOP en warmte aan gesinne wat swaarkry, deur komberse, klere en ander noodsaaklike items te versamel en uit te deel. Die projek is meer as net 'n liefdadigheidsaksie, dit is 'n herinnering dat elke mens 'n verskil kan maak. 'n Eenvoudige kombers kan 'n nag van koue omskep in 'n oomblik van troos. Engo Gesinsorg nooi almal uit om betrokke te raak: skenk, help versprei, of deel die boodskap van HOOP. Saam kan ons die winter 'n bietjie sagter, en warmer maak vir dié wat dit die meeste nodig het.

Op 12 Mei 2026 vier die ons Internasionale Verpleegkundigedag, 'n dag van eer betoon aan Engo se stil heldinne van gesondheid in ons Bejaardsesorgsentrums.

Verpleegkundiges is dikwels die eerste en laaste gesigte wat ons inwoners sien – die hande wat troos, die stemme wat kalmeer en die harte wat HOOP bring. Hierdie dag is 'n geleentheid om dankie te sê vir hul onwrikbare toewyding, hul empatie en hul moed. Engo sluit aan by die wêreldwye viering en moedig almal aan om 'n boodskap van waardering te stuur aan 'n verpleegkundige wat 'n verskil gemaak het. 'n Klein "dankie" kan 'n groot impak hê.

May is also the month of the Go Turquoise for the Elderly Campaign, an initiative that promotes awareness about the value and needs of our senior citizens. The colour turquoise symbolizes peace, healing and respect – values that fit perfectly with the goal of the campaign. Engo Aged Care proudly supports this movement and encourages communities to show their support by wearing turquoise, decorating buildings or organising activities that celebrate the lives of the elderly. Our older generation carries the stories, wisdom, and love that bind communities – they deserve our honour and attention.

Mei herinner ons dat sorg nie net 'n daad is nie, maar iets meer spesiaal. Of dit nou deur 'n warm kombers, 'n dankbare glimlag aan 'n verpleegkundige, of 'n turkoois lint vir 'n bejaarde is – elke gebaar dra by tot 'n warmer wêreld die winter.

**Laat ons hierdie maand gebruik om te gee, te waardeer, te verbind en HOOP te skep. Ewige HOOP.**

MET WAARDIGHEID OUD WORD

# HOOP, SORG EN MENSWAARDIGHEID *in elke lewensfase*

**Ons gesels hierdie maand met Lize Visser, arbeidsterapeut by Ons Tuiste in Bloemfontein. Met ons fokus hierdie maand op bejaardes, het ons haar gevra om 'n paar vrae te beantwoord en haar waardevolle insigte te deel.**

Hierdie tema sluit aan by 'n belangrike maandlange inisiatief (15 Mei – 15 Junie) wat fokus op die bewusmaking van die behoeftes, waardigheid en beskerming van ouer persone, veral in Suid-Afrika. Die veldtog moedig gemeenskappe aan om turkoois te dra as 'n simbool van ondersteuning in die stryd teen mishandeling van ouer persone, isolasie en verwaarlosing, met die hoogtepunt op Wêreldbewusmakingsdag vir Mishandeling van Ouer persone op 15 Junie 2026.

**Wat behels die welstand van ouer persone, en hoekom is dit belangrik?**

Die welstand van ouer persone is 'n breë begrip wat fisiese, emosionele, sosiale, geestelike en kognitiewe aspekte insluit.

- Fisiese welstand gaan oor mobiliteit, gesondheid, voeding en slaap.
- Emosioneel speel verlies van geliefdes, onafhanklikheid en vermoëns 'n groot rol.
- Sosiale welstand is net so belangrik, aangesien baie ouer persone hulself onttrek as gevolg van swak sig, gehoor of selfvertroue.
- Geestelike welstand kan beïnvloed word wanneer mense hul gemeenskap en ondersteuningsnetwerke verloor, wat lei tot 'n gevoel van doelloosheid.
- Kognitief vertraag prosesse soos leer, beplanning en probleemoplossing met ouderdom.





Goeie welstand help ouer persone om langer onafhanklik te bly, verbeter hul gesondheid en verminder eensaamheid. Dit dra by tot 'n lewe met waardigheid en betekenis.

**Watter uitdagings ervaar ouer persone daagliks?**

Ouer persone staar daagliks verskeie uitdagings in die gesig.

- Fisies ervaar hulle dikwels swak balans, pyn en mobiliteitsprobleme. Sig- en gehoorverlies maak kommunikasie en veilige beweging moeiliker.
- Kognitief kan geheueverlies en verwarring voorkom, wat selfs eenvoudige take soos aantrek of medikasiebestuur bemoeilik.
- Emosioneel ervaar baie mense eensaamheid, verlies en selfs depressie.
- Sosiale isolasie, finansiële druk en gesondheidskwessies soos inkontinensie dra verder by tot hul uitdagings.

Dit is vir ouer mense baie uitdagend om afhanklikheid van ander te aanvaar en in ‘n nuwe omgewing aan te pas.

**Watter dienste bied engo se bejaardesorgsentrums en wat is die voordele vir inwoners?**

Bejaardesorgsentrums, soos dié van Engo, bied belangrike ondersteuning met daaglikse take soos eet, bad en aantrek, wat hul fisiese las verlig. Opgeleide personeel help ook met medikasie en mediese sorg.
Daar is geleenthede vir sosiale interaksie deur aktiwiteite wat elke maand beplan word vir al die inwoners, soos Bingo aande en oefensessies, wat help om isolasie teen te werk en vriendskappe te bou.
Engo se het 20 Bejaardesorgsentrums in die Vrystaat wat verskeie vlakke van sorg aanbied.Dit sluit in, 24-uur verswakte sorg, woonstel-inwoning met beperkte ondersteuning. Ons Sentrums in Bloemfontein en Hoopstad bied spesialis versorging vir ouer persone met Demensie en Altzeimers.

**Het jy enige wenke oor hoe om jonk van gees te bly?**

Ouderdom is baie keer iets in mense se koppe, maar daar is verseker wenke om jonk te bly.

- Bly aktief, selfs klein bewegings maak ’n verskil. Strek gereeld en doen eenvoudige oefeninge om soepelheid te behou.
- Hou jou brein besig met speletjies of nuwe vaardighede.
- Moenie jouself isoleer nie, mens het ander mense nodig. Sosiale kontak is noodsaaklik vir emosionele welstand.
- Doen dinge wat vir jou betekenis het en vreugde bring.
- Wees oop om nuwe dinge te leer en aan te pas by verandering.

En bo alles: fokus op dankbaarheid. Soek doelbewus die goeie in elke dag, dit maak die pad ligter en die lewe ryker.

Baie dankie, Lize, vir jou insiggewende en deernisvolle perspektief wat ons help om ouer persone met meer begrip, respek en omgee te ondersteun. Vir meer inligting oor Engo se Bejaardesorgsentrums in die Vrystaat, stuur asb ‘n epos na info@engo.co.za en ons sal jou met die naaste Sentrum in kontak sit.

# MASCOTS BRING DIE GEES

## NA BLOEMSKOU SE CITY RUN

Op 11 April 2026 het Bloemskou se gees behoorlik opgevlam tydens die vrolike City Run op Navil Hill, in Bloemfontein. Die drawwers en stappers is verwelkom deur Omgie, ons geliefde Engo gelukbringer, Milky Lane se gelukbringer, die Bloemskou-gelukbringer en OFM se gelukbringer.




Hoewel die mascots nie self die 5 km City Run gehardloop het nie, het hulle beslis die gees aangevuur deur saam met deelnemers te strek, dans en op te warm voor die tyd. 'n Heerlike oggend, waar Omgie weer harte warm laat klop het.

# JUMP FOR JESUS

## BRING HOOP EN VREUGDE

Op 10 April 2026 het Lewende Woord Bloemfontein 'n besondere geleentheid, "Jump for Jesus", aangebied ten bate van Carpe Diem Kinder- en Jeugsorgsentrum, Gladstone Kinder- en Jeugsorgsentrum en House of Compassion Kinder- en Jeugsorgsentrum.



Van 16:00 tot 19:00 was die terrein gevul met opgewondenheid. Met meer as 10 groot springkastele en inflatables, speletjies, kosstalletjies en lofprysing, was daar werklik iets vir almal om te geniet. Teen slegs R90 per kaartjie het families en kinders saamgekom, nie net vir pret nie, maar om saam 'n betekenisvolle verskil te maak. Die fondse wat ingesamel is, gaan gebruik word om Bybels, joernale en warm wintersklere vir kinders in die drie jeugsorgsentrums te koop. In Mei 2026 wag daar nóg iets besonders: die kinders, saam met hul versorgers, maatskaplike werkers en tannies van die kerk, gaan winkels toe vir 'n spesiale inkopiedag, en natuurlik 'n lekker bederf by Wimpy.



# ENGO BRING HOOP EN PRET

## BY TRIO PRIMÊR IN KROONSTAD

Op 13 April 2026 het Engo die voorreg gehad om Trio Primêre Skool te besoek, waar daar saam met leerders gesels is oor die belangrike tema van boeliegedrag. Die besoek is gelei deur Engo se Kroonstad Gesinsorg – span, wat die oggend op ’n betekenisvolle noot met gebed afgeskop het.

Leerders het aandagtig geluister na ’n insiggewende praatjie, waarna hulle ook deelgeneem het aan ’n prettige en interaktiewe aktiwiteit. Die hoogtepunt van die dag was toe Engo se geliefde gelukbringer, Omgie, saam met die kinders gedans het.

**Dit was ’n besonderse dag waar leerders baie kon leer en elke oomblik geniet het. Daar word reeds uitgesien na die volgende besoek op 27 Julie 2026.**



# TROMPSBURG LANDBOU EKSPO

## VIER GEMEENSKAP EN SUKSES

Op 17 April 2026 het die Trompsburg Landbou Ekspo weer bewys wat moontlik is wanneer ’n gemeenskap saamstaan. In samewerking met die Trompsburg Boerevereniging, Trompsburg Laerskool en die Engo Trompsburg Sentrum vir Bejaardes, was dit ’n groot sukses en ‘n wonderlike fondsinsamelingsgeleentheid vir die gemeenskap, deur die gemeenskap.



Die skaapveiling het 24 000 skape verkoop, terwyl 920 kinders aan netbal en rugby deelgeneem het. Ongeveer 1 200 kaartjies is by die hek verkoop, en sowat 3 000 mense het die skaapvleis-kosstalletjie ondersteun. Die spitbraai-kompetisie (15 skape) en 470 aandete-kaartjies het die dag se gewildheid verder bevestig. Alhoewel Jo Black se optrede weens swaar reën gekanselleer is, het dit nie die sukses van die dag gedemp nie, ’n ware viering van gemeenskapsgees.

# SILVER LAKES GHOLFDAG

## SKEP HOOP VIR DIE TOEKOMS

Die vyfde jaarlikse Silver Lakes Gholfdag, gehou op 17 April 2026 by Silver Lakes Gholf Estate in Pretoria, was 'n dag vol energie, spangees en opregte omgee vir die Senekal Kinder- en Jeugsorgsentrum. Hierdie Gholfdag word jaarliks aangebied om fondse in te samel vir die "Bright Future Fund", wat kinders van Senekal help om nagraads te studeer. Fondse is ook vanjaar vir 'n opgraderingsprojek by Senekal se Jeugsorgsentrum ingesamel.




Met Giel en Evandré Bekker aan die stuur, is die dag met groot toewyding gereël. Danksy hul harde werk, saam met die ondersteuning van borge – met We Buy Cars as hoofborg – was die baan vol en die atmosfeer werklik besonders.



Die aksie het om 11h00 begin toe spelers afgeslaan het, en die dag het op 'n hoogtepunt geëindig met 'n prysuitdeling en veiling. Daar is voorsiening gemaak vir 150 gaste tydens die aandfunksie, wat die groot ondersteuning en betrokkenheid weerspieël.

'n Spesiale hoogtepunt was die bekendstelling van Engo se "Cruise for a Cause" Fondsinsamelingsprojek, waar 320 kaartjies verkoop is, 'n duidelike teken van die gemeenskap se hart vir die saak.

**Hierdie gholfdag gaan oor soveel meer as net die spel, dit bou aan drome en skep geleenthede. Engo is dankbaar!**

# VAN STRANDTEMA TOT SILWER

## BY VANJAAR SE BLOEMSKOU

Die Bloemskou het van 23 April tot 2 Mei 2026 in 'n feestelike "Beach Party"tema plaasgevind.
'n Volle 10 dae van energie, harde werk en onvergeetlike oomblikke.
Die bemarkingsspan het 40 skofte beman en ons Engo-stalletjie met sorg omskep in 'n vrolike strandtoneel, wat die "Beach Party" tema van vanjaar se Bloemskou weerspieel het.

Na deeglike beoordeling, en vele vrae en antwoorde, is ons trots beloon met 'n silwer medalje vir ons stalletjie. 'n Besondere erkenning vir die span se toewyding.

Die "Cruise for a Cause" Fondswerwingsprojek is bemark, waar mense 'n bootreis na die Portugese eilande kan wen. Hoewel kaartjieverkope stadig begin het, het die ondersteuning van besoekers ons verstom. Teen die einde van die skou is daar bykans 330 kaartjies verkoop binne slegs tien dae.

**'n Groot dankie van Engo aan Bloemskou vir die geleentheid om deel te kon wees van hierdie besondere geleentheid en om 'n stalletjie daar te kon hê. Julle help ons om 'n verskil te maak!**




















# JOY FOR CHARITY

## A CELEBRATION OF JOY, COMMUNITY, AND GIVING BACK

On 22 April 2026, Engo was again privileged to be part of the Bloem Show charity initiative, the Joy for Charity where more than 350 of our children in Child and Youth Care centres in the Free State could enjoy unlimited Fun Park rides for almost 2 hours. They also received a cooldrink, Popcorn, Ice cream and a hotdog as a special treat.

Thank you to Bloem Show for the initiative, in partnership with Carnival Fun Fair, Checkers and Ola. You made their day – an experience many will never forget.








# CELEBRATING DEDICATION

## ENGO'S CHILD AND YOUTH CARE WORKERS GRADUATE

On Friday, 24 April 2026 , a special graduation ceremony marked a significant milestone for Engo's Child and Youth Care Workers who completed their training through CEFA, equipping them to support vulnerable children and youth.

The course was facilitated by Frikkie van Dyk (Engo), with Karen van Rooyen (CEFA) as moderator. She shared the acronym CHOMP—Child and Youth Care Workers Help Our Most Precious—highlighting the heart of their work.

Graduates were recognised for their commitment, resilience, and passion, reflecting both academic achievement and personal growth. The Engo–CEFA partnership continues to strengthen the social service sector by developing skilled, compassionate practitioners.



# SILWERBRON SE BASAAR

## ’N REËNDAG VOL WARMTE EN GEMEENSKAPSGEES

Ten spyte van ’n sopnat dag op 24 April 2026, het die jaarlikse basaar van Silwerbron Sentrum vir Bejaardes in Wesselsbron weer bewys dat reën nie die gemeenskap se gees kan demp nie. Die gemeenskap het in groot getalle opgedaag en ons beslis nie teleurgestel nie, inteendeel, al die heerlike lekkernye was uitverkoop! Van varsgebakte pannekoeke tot nog vele ander smullekker bederfies, was daar iets vir elkeen om te geniet.



Ons is opreg dankbaar vir die ondersteuning en die mooi bedrag wat ingesamel is. Dit is hierdie soort samewerking en omgee wat ’n verskil maak in die lewens van ons bejaardes.



**Baie dankie aan elke persoon wat bygedra, gekoop en ondersteun het, julle maak dit alles moontlik!**

# OMGIE DANS SAAM BY BLOEMSKOU

## SE “MASCOT DANCE OFF” TEN BATE VAN REACH FOR A DREAM – ONS “PAY IT FORWARD”

Die jaarlikse Bloemskou het op 27 April 2026 behoorlik lewe gekry met ‘n spesiale “Mascot Dance-Off”, wat by die Wimpy-verhoog aangebied is. ‘n Totaal van 15 gelukbringers van verskeie organisasies, skole en liefdadigheidsinstansies het hul beste danspassies gewys en die skare vermaak. Engo se geliefde gelukbringer, Omgie, het ook deelgeneem en met groot entoesiasme die verhoog aangedurf. Baie geluk aan Eunice se gelukbringer wat as wenner uit die stryd getree het!



**Dit was vir Omgie (en Engo) ‘n voorreg om deel te kon wees van die projek ten bate van Reach for a Dream. Ons wil almal se drome waar maak en Ewige Hoop skep. Engo ondersteun graag ander wat ons help om dit te doen!**

# INWONERS VAN ENGO SENTRUM VIR BEJAARDES

## IN BLOEMFONTEIN VIER BESONDERE VERJAARSDAE IN APRIL!

Die Sentrum vir Bejaardes in Bloemfontein het hierdie maand twee spesiale verjaarsdae gevier.

Op 29 April 2026 het tannie Susan Eloff haar 90ste verjaardag gevier. Sy word die beste beskryf as 'n "ystervrou" wat steeds op haar ouderdom onafhanklik is – sy bestuur, maak haar huis self skoon, bak en bly aktief bedrywig.



**Regs: Tannie Susan Eloff**

In haar jonger dae het tannie Susan tafeldoeke uitverhuur en pragtige tafels gedek. Sy het selfs die voorreg gehad om tafels in Bloemfontein vir die voormalige president Nelson Mandela te dek, asook vir bruilofte en matriekafskeidfunksies.

Op dieselfde dag, is daar ook lekker feesgevier by Ons Tuiste en die 109de verjaardag van tannie Coba Schabort is gevier—'n besonderse en geseënde mylpaal. Sy is op 29 April 1917 op Klipdam naby Barkly-Wes gebore en was getroud met oupa Louis Lehmkuhl. Hulle het drie kinders gehad, wat almal reeds oorlede is.



**Voor: Tannie Coba Schabort**

Tannie Schabort het aan die Oranje Meisieskool in Bloemfontein skoolgegaan en as verpleegster gewerk. In haar jonger jare het sy naaldwerk geniet en blomme gedroog. Op 109-jarige ouderdom is sy steeds gesond, en dit is 'n groot voorreg vir Ons Tuiste om deel van haar lewe te wees.

# ROOMYS "DIEFSTAL"

## TOE ALTYD SPESIALE PROJEK VAN OMGEE

Op 29 April 2026, het Securiforce, Ola, The Joy Factory en My City Bloemfontein saamgespan om op 'n kreatiewe manier omgee aan 130 kinders sigbaar te maak. Omgie en Securiforce se gelukbringer, Marits, het slim planne gemaak om roomys by The Joy Factory by Bloemskou te kry, met 'n speelse kinkel waar dit eers soos 'n "diefstal" gelyk het en selfs op kameras gevolg is.

Maar die storie het vinnig 'n draai geneem toe dit onthul is dat alles deel was van 'n spesiale plan. Die roomys is uiteindelik oorhandig aan 130 kinders by Engo se Ons Kinder- en Jeugsorgsentrum in Willows, Bloemfontein. Baie dankie aan al die rolspelers! Julle het nie net roomys uitgedeel nie, julle het op 'n baie spesiale manier "omgee" in praktyk gewys.









# WARM WINTER KOMBERSE PROJEK

## SKOP AF!

Met die koue maande op hande steek Engo weer hoop aan met die Warm Winter Komberse Projek 2026 in samewerking met Rosestad FM. Skole gaan komberse insamel en die publiek word uitgenooi om hande te vat en te help.

Die publiek word uitgenooi om komberse te kom aflaai by die Engo Gesinsorg kantoor, in van Heerdenstraat 26, Wilgehof, weeksdae, tussen 8:00 en 15:00.

Skenk 'n kombers in Meimaand en bring Hitte en Hoop in hierdie koue winter.

Vir baie is 'n kombers meer as net warmte, dit is beskerming, troos en 'n teken dat iemand omgee. Elke skenking dra 'n boodskap van hoop en menswaardigheid. Die projek sluit op 22 Mei af, waarna komberse in die gemeenskap uitgedeel gaan word, voor die ergste winter toeslaan.






# DIE AVONTURE VAN OMGIE



DIE VRUG VAN

# LIEFDE

**Omgie is weer op reis.**

**Met sy bondeltjie vol Vrugte van die Gees stap hy elke maand ’n nuwe avontuur binne. Soms raak die pad moeilik. Soms is dit vol vreugde.**

**Maar elke keer moet Omgie kies:**
**Watter vrug gaan hom help om vandag die regte ding te doen?**

**Kom stap saam met Omgie — en ontdek watter vrug hierdie maand se storie dra.**

Omgie stap deur ’n stil straat waar die huise oud en rustig lyk. By ’n venster sit ’n ou tannie alleen. Haar hand rus teen die glas, haar oë kyk na buite… asof niemand meer terugkyk nie.

Omgie waai. Sy glimlag verras en maak die deur oop.
Binne ruik die huis na tee en herinneringe. Foto’s van laggende gesigte en vervloë dae staan oral.

“Waar is almal?” vra Omgie sag.
“Hulle is besig,” antwoord sy. “Die wêreld hardloop vinnig. Ek… nie meer so vinnig nie.”

Omgie voel die stilte swaar in sy hart. Toe onthou hy sy bondeltjie. Hy maak dit oop en binne gloei die Vrug van Liefde.

Liefde sê nie altyd groot woorde nie.
Dit sê:
Sit.
Luister.
Laat iemand weer gesien voel.

Omgie sit by haar. Hy luister na stories, lag saam en hou haar hand vas wanneer haar stem bewe.

Toe hy later groet, glimlag die tannie warm.

“Dankie,” sê sy. “Vandag het ek weer gevoel ek tel.”
Omgie kyk na die Vrug van Liefde wat helder skyn.

**Hy verstaan:**
**Liefde maak nie altyd geraas nie.**
**Soms herinner dit iemand net weer aan hul waardigheid.**



# ROLSTOEL VERANDER LEWE

Engo se Ons Gryse Jeug Sentrum vir Bejaardes in Sasolburg sê dankie aan elke inwoner en familie vir die waardevolle ondersteuning met die fondsinsameling vir 'n broodnodige rolstoel aan een van die inwoners van Ons Gryse Jeug. Die geskenk van mobiliteit maak so groot verskil in die welstand van 'n inwoner!










# DATUMS OM TE ONTHOU

- 9 Mei 2026 – Rose Run met ondersteuning aan Engo, Bloemfontein
- 15 Mei – 15 Junie 2026 – Go Turquois for the Elderly
- 20 Mei 2026 – SACBW Business Summit, Bloemfontein – Engo Verteenwoordig
- 21 Mei 2026 – FFI Business Breakfast, Pretoria – Engo Verteenwoordig
- 22 Mei 2026 – Winter Warm Blanket Drive saam met Rosestad FM – oorhandiging
- 22 – 23 Mei 2026 – Meesterstuk Kinder– en Jeugsorg Fondsinsamelingskonsert, Bloemfontein
- 29 Mei 2026 – Salileni Gholfdag – Bethlehem
- 30 Mei 2026 – Child Protection Walk, Villa Avianto, Bloemfontein

*Visit Engo's Events Calendar for more information about upcoming events.*
*If you missed any of our previous newsletters, please visit www.engo.co.za.*
*If you have any comments, concerns, or compliments, please send them to info@engo.co.za.*




*"In the end, it's not the years in your life that count. It's the life in your years."*
*— Abraham Lincoln*